Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Maart 2021 Uitgawe 2



**How are we raising the boy child?**

Page 4

STAY SAFE

PROTECT SOUTH AFRICA

TOGETHER WE CAN BEAT CORONAVIRUS



**Budget brings tax relief**

Page 8

# Stay alert during COVID-19 level 1

**PEOPLE MUST** continue to wear their face masks and follow all other safety protocols so that South Africa can overcome the pandemic and regrow the economy.

**Sphelele Ngubane**

The country has moved to Coronavirus Disease (COVID-19) alert level 1 but government urges people to continue with all the precautionary measures aimed at curbing the spread of the virus.

The wearing of face masks remains compulsory and there are still some restrictions to maintain low levels of infections and, in particular, to prevent super-spreading events. It has been a year since the first case of COVID-19 was reported in South Africa. More than 1.5 million people have been infected and over 50 000 have died from the disease.

Dr Nkosazana Dlamini Zuma, the Minister of Cooperative Governance and Traditional Affairs, has provided details of the regulations that have changed, including the new curfew, which is from midnight to 4am. People may only be out of their properties during this time if they have a permit or a security or medical emergency.

## Gatherings

The maximum number of people attending a religious, social, political or cultural gathering is 100 indoors or 250 outdoors, provided that the venue is big enough to allow for social distancing.

The number of people attending a funeral is limited to 100. If the venue is too small for people to be at least one-and-a-half metres from each other, then not more than 50% of the capacity of the venue may be used. Night vigils or after-funeral gatherings, including 'after-tears' gatherings, are not allowed.

## Borders

- Land borders: Nothing changes as the 20 land borders which have

Cont. page 2



2030 NDP

To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:

Google play | App Store

Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE




# 'n Professionele staatsdiens



Met my verkiesing as Staatspresident het ek destyds gesê dat die skepping van 'n doeltreffende, bekwame en etiese regering, vry van enige korrupsie, een van my grootste prioriteite is.

Slegs 'n bekwame, doeltreffende, etiese en ontwikkelingsgeoriënteerde regering kan die verbintenis tot die verbetering van die lewens van die mense van hierdie land nakom.

Dit beteken dat die staatsdiens beman moet word deur mense wat professioneel, vaardig, onbaatsugtig en eerlik is.

Hulle moet daartoe verbind wees om die waardes van die Grondwet te handhaaf en moet, soos ek in my inhuldigingstoespraak gesê het, "hulself getrou vir geen ander saak as dié van die publiek beywer nie".

Tydens die afgelope twee weke het openbare konsultasies plaasgevind met betrekking tot 'n belangrike beleidsdokument wat groter dryfkrag gaan gee aan ons werk om die staatsdiens te steun, versterk en bevoeg te maak.

Die konsep vir die nasionale implementeringsraamwerk vir die professionalisering van die staatsdiens is daarop gemik om 'n regering tot stand te bring wat ons volk beter dien, wat geïsoleer is van onbehoorlike politieke inmenging, en waar aanstellings op meriete plaasvind.

Die raamwerk is in November laasjaar deur die Kabinet goedgekeur en gestruktureerde konsultasie met verskeie sektore van die samelewing word tans onderneem.

Na sewe-en-twintig jaar van demokrasie kan ons die volgende van die staatsdiens sê: ondanks uitnemendheid op talle terreine, is daar in baie staatsdepartemente steeds ernstige uitdagings met betrekking tot vaardighede, bekwaamheid en professionaliteit.

Te dikwels is mense aangestel in en bevorder tot sleutelposisies waarvoor hulle nie geskik of bekwaam was nie. Dit het die werksprestasie van die regering beïnvloed en ook bygedra tot nepotisme, politieke inmenging in die werksverrigting van departmente, 'n gebrek aan verantwoordbaarheid, wanbestuur en korrupsie.

Daar is ook die verwante probleem van politieke en uitvoerende inmenging in die administrasie van die staatsdiens. 'n Mens hoef net te kyk na die onstabiliteit in staatsdepartemente wanneer seniorbestuur verskuif of vervang word elke keer as 'n nuwe minister aangestel word.

Direkteurs-generaal en provinsiale departementshoofde word veral hierdeur geraak. In sommige departemente het DGs, departementshoofde en uitvoerende bestuur die voordeel van 'n stabiele ampstermyn geniet, wat sulke departemente in staat gestel het om met min ontwrigting aan te hou funksioneer. In die meeste sulke departemente waar daar stabiele leierskap is, is ouditverslae geneig om positief en openbare befondsing verantwoordbaar te wees. Daarenteen is daar dikwels administratiewe onstuimigheid in departemente met 'n hoë omset van leierskap.

Een van die belangrikste voorstelle in die konsepraamwerk is dat die staatsdiens gedepolitiseer moet word en dat staatsdepartemente van politiek geïsoleer moet word.

Professionalisering is noodsaaklik vir stabiliteit in die staatsdiens, veral in die senior range. Staatsamptenare moet hul pligte kan uitvoer "ondanks enige veranderinge onder die ministers, lede van die uitvoerende raad of raadslede in die regerende party met betrekking tot die administrasie, of verskuiwings van politieke partye na afloop van verkiesings".

Ons stel 'n aantal verreikende hervormings voor, byvoorbeeld die verlenging van die ampstermyn van departementshoofde op grond van meriete en prestasie, die instelling van beroepsgebaseerde bekwaamheidsassesserings asook die betrokkenheid van die Staatsdienskommissie wanneer onderhoude met kandidate vir die poste van direkteurs-generaal en adjunkdirekteurs-generaal gevoer word.

Die instelling van integriteitstoetsing vir alle kandidate wat op die kortlys is, sal daartoe bydra dat ons staatsamptenare kan werf wat met eerbaarheid kan dien. Ons moet voorts ook die verpligte intree-eksamens wat ons in April 2020 ingestel het, uitbrei na meer as slegs die senior bestuurders. Suksesvolle ontwikkelende regerings het soortgelyke maatreëls wat professionalisme onder die staatsdiens bevorder.

Soos ons in die konsepraamwerk noem, "moet die burokrasie voortdurend lojaal en nougeset die politieke mandaat wat deur die kiesers en die party daargestel is, implementeer, maar hulle daarvan weerhou om self politieke rolspelers te wees."

Ons voorstel is 'n strenger benadering jeens die werwing en keuring, induksie en prestasiebestuur van staatsamptenare. Dit sluit in volgehoue leer en 'n duidelike professionele ontwikkelingspad vir elke staatsamptenaar.

Die konsep-raamwerk benadruk die behoefte om staatsamptenare verantwoordbaar te hou vir onreëlmatighede en sodoende 'n kultuur van straffeloosheid in die wanbestuur en misbruik van regeringshulpbronne te verhoed.

Professionalisering van die staatsdiens behels die opleiding van rekeningkundige beamptes oor al die regeringsfere heen met betrekking tot die toepaslike wetlike bepalings.

Die Nasionale Regeringskool speel 'n sleutelrol in hierdie verband.

Professionalisme behels nie net die regte kwalifikasies en tegniese kennis nie, maar ook die toepaslike standaarde van respek, hoflikheid en integriteit in skakeling met lede van die publiek.

Die staatsdiens is uiteenlopend, met 'n wye verskeidenheid vaardighede, kwalifikasies en bekwaamhede. Baie staatsamptenare het gespesialiseerde vaardighede wat noodsaaklik is vir doeltreffende dienslewering. Dit is dus nie noodwendig die geval dat ons 'n kleiner staatsdiens benodig nie; wat ons wel nodig het is 'n effektiewe staatsdiens met die nodige vaardighede, professionele etiek en 'n verbintenis om die gemeenskap te dien.

Die mense in die staatsdiens moet in staat gestel word om hul rol te vervul in die strewe na ontwikkeling en die konsolidering van demokrasie. Dit is ons beste waarborg vir 'n bekwame staat wat die belange van sy landsburgers dien.

Ek doen 'n beroep op julle almal om deel te neem aan die openbare konsultasieproses vir hierdie konsepraamwerk, wat op die Nasionale Regeringskool se webwerf beskikbaar is, en om jul stemme te laat hoor.

Die staatsdiens behoort nie aan een spesifieke party nie; en dit behoort ook nie die domein van enige bepaalde belangegroep te wees nie. Dit behoort nie bo die wet te staan nie.

Die staatsdiens behoort aan die mense van Suid-Afrika. Dit moet hulle en slegs hulle dien.

# Local doctor opens free clinic for Chatsworth community

**COMMUNITY-FUNDED** clinic gives patients with COVID-19 a fighting chance.



Dr Diveshni Govender helping a COVID-19 patient at the Havenside Clinic.

A new clinic opened by a Durban-based doctor is assisting the community in the fight against the Coronavirus Disease (COVID-19) and it is doing it for free.

The clinic, operating from the Havenside Community Hall in Chatsworth, was established by Dr Diveshni Govender (39) in a bid to cope with the second wave of COVID-19 infections. Hundreds of patients have been treated at the clinic since it opened its doors in January.

"The number of COVID-19 patients we were seeing increased to the point where I had to treat some patients in their cars, in the shopping complex where my practice is located," she says.

Dr Govender contacted community activists to assist with getting her access to use the Havenside Community Hall as a makeshift clinic. Govender says that the clinic is run on donations from several non-governmental organisations, businesses and members of the community.

The 30-bed clinic has helped patients like Jeeveshni Abraham (47) and her family. Abraham, her husband and two children were admitted to the clinic after her symptoms started to worsen.

"At the clinic, we received quality care and medication. We also had access to oxygen to help with breathing a little easier when we were in distress. The clinic also admitted my brother, his wife and children when they contracted the virus, "she says.

When Abrahams and her family were discharged from the clinic they received medicine packages to take home.

Dr Govender says that the free medicine they dispense from the clinic is made possible through donations from members of the community.

According to her, the clinic mainly treats patients who are above 45 years of age, with about 10% of patients under the age of 12. She says that the clinic has also partnered with a private ambulance company to transport patients who need elevated care to a hospital, at no cost.

Dr Govender says: "The partnership has saved several lives as patients who are in urgent need of transport to a hospital no longer have to wait a long time for an ambulance."

Dr Govender is assisted by two nurses and has also employed a cleaner to assist at the clinic.

# Ons vier internasionale Down-sindroomdag

**Kgaogelo Letsebe**



Down-sindroom Internasionaal het 21 Maart as die internasionale Down-sindroomdag ingestel ter viering van diegene wat hard veg vir die insluiting van hul geliefdes wat met dié siekte saamleef.

Down-sindroom (DS) is 'n chromosale afwyking wat tydens bevrugting ontstaan. 'n Mediese praktisyn in Mpumalanga, Dr Midah Maluleka, verduidelik: "Daar is 'n ekstra nommer 21 chromosoom (Trisomie 21) wat vertragings in fisiese en intellektuele ontwikkeling veroorsaak. Daar is geen definitiewe oorsaak van hierdie afwyking nie. Daar is bewys dat dit geensins verband hou met ouderdom, sosio-ekonomiese status, ras of geloof nie. Dit is ook nie oorerflik nie."

Maleluka voeg by dat Down-sindroom die mees algemene chromosomale afwyking onder pasgebore babas is. "Een uit elke 1 000 babas wat in eerstewêreld-lande gebore word, met een uit elke 650 babas in ontwikkelende lande soos ons, word geraak. Minstens 80% van alle babas wat deur DS geraak word, se ma's is jonger as 35, ten spyte van die algemene persepsie dat vrouens bó die ouderdom van 35 'n groter risiko het om 'n kind met Down-sindroom te hê."

Sy sê dat omdat die afwyking reeds vanaf bevrugting opgespoor kan word, is daar sekere tekens waarvoor 'n mens op die uitkyk kan wees.

"In die vroeë stadium van swangerskap word 'n 12- tot 13-week ultrasoniese skandering aanbeveel. Tydens hierdie prosedure word daar 'n akkurate meting geneem van die nekvel van die fetus, genaamd nekkuil-translusensie ("nuchal translucency"). Dit is dikwels dikker in babas met Down-sindroom.

"Nog 'n voorgeboortelike toets is 'n amniosintese. Dit is wanneer klein hoeveelhede amniotiese vloeistof verwyder en vir chromosoom-analise gestuur word. Hierdie toets is ongeveer 98% akkuraat om Down-sindroom te diagnoseer."

Maluleka sê dat kinders met Down-sindroom in staat is om sinvolle, gesonde en lang lewens te kan lei.

"Alhoewel Down-sindroom nie genees kan word nie, kan mense met Down-sindroom voordeel trek uit 'n liefdevolle tuisomgewing, die korrekte mediese versorging, vroeë intervensie asook opvoedkundige en beroepsgerigte dienste. Danksy gevorderde mediese sorg het mense wat met Down-sindroom gebore is vandag 'n lewensverwagting van ongeveer 55 jaar. Mense met Down-sindroom het dieselfde emosies en behoeftes as enige ander persoon en verdien dieselfde geleenthede en sorg," sê Maleluka.

Noordwes-gebaseerde onderwyser Tshepo Kekana sê, "Nie alle studente met spesiale behoeftes hoef remediërende en spesiale skole by te woon nie. Daar is sulke kinders wat hoofstroomskole kan bywoon. Met volgehoue leer, ondersteuning en geduld kan hierdie studente floreer."